



GESTIG 1922

LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

Tel. 049 – 8910 803

Faks: 049 – 8910 802

Sel : 072 170 2045

E-Pos: hoof@laervolkskool.org

Skoolhoof : Mnr D Joubert

Posbus 253

GRAAFF-REINET

6280



28 Januarie 2022

Geagte ouers en Volksies.

Wolkskool - GRATIS

Ouers en leerlinge kan gratis op die Skole Ondersteunings Sentrum se platform registreer. Dit gee toegang tot 13 000 hulpbronne vir leerlinge volgens die verskillende grade en vakke.

Die hulpmateriaal voldoen aan die voorgeskrewe kurrikulum vereistes in die vorm van video's, werkkaarte, vraestelle en meer.

Laer Volksskool se leerlinge het reeds gratis toegang tot die platvorm en moet net registreer – volg net die instruksies op die video hieronder.



Video 1: Hierdie video verduidelik aan nuwe leerders hoe om 'n profiel op Wolkskool te skep:

<https://www.youtube.com/watch?v=F8Llw6Rs6TI>

Video 2: Hierdie video wys vir bestaande leerders hoe om hul graad te gaan aanskuif op hul

bestaande profiel: <https://www.youtube.com/watch?v=0SKDkOt13E>

Skoolfonds

Volgens die Skolewet, 84 van 1996, is skoolfonds verpligtend en vooruitbetaalbaar. Derhalwe moet die eerste (van tien) maandelikse paaiement reeds betaal wees. Diegene wat egter vir finansiële hulp wil aansoek doen kan die nodige vorms vanaf Woensdag, 2 Februarie, by die skoolkantoor afhaal.

Die vorms moet voor of op 16 Februarie ingehandig word. Indien 'n aansoek onvolledig is, sal die aansoek nie oorweeg word nie en sal die aansoeker verantwoordelik wees vir die eerste kwartaal se skoolfonds. In die geval waar 'n aansoek laat ingedien word sal die aansoeker ook verantwoordelik wees vir die eerste kwartaal se skoolfonds.

Biblioteek

Kom besoek die skoolbiblioteek en ontdek 'n wonderlike fantasiewêreld van stories en opwindende verhale. Boeke kan weekliks uitgeneem word om by die huis te lees.

Biblioteektye: Maandag - 13:30 tot 15:00

Dinsdag - 13:30 tot 15:00



Leerlingraadskamp

Die Leerlingraadskamp het vanaf 21 tot 23 Januarie te Skietfontein plaasgevind. Hier het die leerlinge meer van mekaar en van hulself geleer. Oom Jannie en sy span het gehelp met die ontwikkeling van leierseienskappe en die leerlinge aangemoedig om as 'n span saam te werk. Hulle het hindernisbane oorwin, hoogtes bereik met die "slingshot" en "paintball" gespeel. Daar was aktiwiteite waar karakter gebou is en elkeen het op sy/haar eie manier uitgeblink.

Sport

Swem

Laer Volksskool se kleurgala vind 3 Februarie plaas. Sterkte aan al die swemmers.

Daar sal 'n snoepie by die swemgala wees. Bring gerus 'n geldjie saam.

Kontak juffrou A. du Toit vir enige navrae.



Tennis

Saterdag, 22 Januarie, het die Zone tennisproewe plaasgevind. Laer Volksskool se spelers het uitstekend gevaar en die onderstaande spelers het deurgedring na die volgende rondte. Dankie aan elkeen van die spelers vir hulle goeie sportmanskap, goeie gedrag en positiewe houding. Elkeen het ons skool se naam hooggehou. Ons is trots op julle.



Maandag speel die eerste seun- en dogterspanne, asook die o.10 seunspan teen Union.

Kom ons verwelkom hulle met ware Volksie gasvryheid. Baie sterkte aan elkeen van julle.

Tweekamp

Drie van Laer Volksskool se leerlinge het die afgelope naweek aan die tweekampliga deelgeneem wat aangebied is te Graaff-Reinet.

Die uitslae was soos volg:

Ancois Viljoen - 5de plek (o.13)

Janco van den Berg - 9de plek (o.11)

JJ van Schalkwyk - 1 ste plek (o.8)



Baie geluk! Ons is trots op julle!

Algemeen

Dankie aan elke kind dat julle so netjies skool toe kom. Ons sien dit raak en is op Volksskool se leerders.

Daar is egter nog 'n paar kinders se klere wat steeds nie korrek is nie. Ons doen 'n beroep op die ouers om die korrekte klere vir leerders te koop.

Let asseblief op die volgende.

Gewone grys kouse is nie aanvaarbaar nie. Seuns dra Volksskool-kouse.

Geen gekleurde pette of peaks word toegelaat nie. Slegs Volksskool-pette en -peaks.

Vriendelike groete en bly veilig.

D. Joubert





'N STUKKIE BORDKRYT

